# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

JUNIE 2024

**PUNTE:** 80

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. A. Wessels

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING:

**NB: SKRYF JOU ONDERWYSERES SE NAAM OP DIE DEKBLAD.**

**Me. Jordaan, Middelton, Wessels, Schoeman, Nieuwoudt**

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | Afdeling A: | Leesbegrip | (30) |
   | Afdeling B: | Opsomming | (10) |
   | Afdeling C: | Taal | (40) |

2. Volg die instruksies by elke afdeling en vrae noukeurig.
3. **BEGIN ELKE AFDELING EN VRAAG OP 'N NUWE BLADSY.**
4. Trek 'n streep na elke vraag.
5. Nommer jou vrae soos gebruik in hierdie vraestel.
6. Skryf in die taal wat geassesseer word.
7. **Skryf netjies en leesbaar.**
8. Laat 'n reël oop na **ELKE** antwoord.
9. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 20 minute

   AFDELING C: 50 minute

10. Lekker skryf.

**<u>AFDELING A:</u>** **<u>Begripstoets</u>**
**<u>VRAAG 1</u>** **ARTIKEL**
**TEKS A**



**HOU NOU OP MET BYGELOWE (Superstitions)**

1. Ek gee nie om om onder lere deur te loop nie en `n swart kat kan maar voor my verbyloop. Ek kan my soms verbaas om te sien hoe bang sekere mense vir bygelowe is.

2. Een van my vriendinne is so. Sy gooi lakens oor die spieëls wanneer die weerlig slaan, as sy die sout per ongeluk laat val, sal sy `n bietjie vat en oor haar linkerskouer, of is dit nou haar regterskouer, gooi. Sy is ernstig oor die goed! Nou die aand het `n swart kat met wit pote voor my verbygehardloop terwyl ek huis toe gery het. Ek bel haar toe en vertel wat gebeur het. Sy het my omtrent gesmeek om om te draai sodat ek die 'vloek' kon breek. Sy was naderhand in trane, maar ek het nie omgedraai nie en nog niks het met my gebeur nie. Sy weier selfs om op Vrydag, die dertiende te gaan werk.

3. Sportmanne en vroue is ook baie bygelowig. Ek het al gehoor van manne wat eers hul linkerskoene aantrek en dan die ander skoen. Daar is selfs van ons eie Springbokke met bygelowe, soos John Smit wat `n stukkie gras sal breek net voor die eerste fluitjie blaas. Dan is daar nog 'n sekere Duitse sokkerafrigter wat weier om `n skoon hemp aan te trek, want dit is sy span se gelukbringer. Ek dink sy naam is Joachim Loewe. Dink net hoe het daardie hemp geruik! Dit het ook nie heeltyd gewerk nie, want hulle het nie eens die finaal gemaak nie.



4. Ek weet jy moet ou mense respekteer, maar sommige van hierdie 'ouvroustories' is baie simpel! `n Bruidegom mag nie sy bruid in haar trourok voor die troue sien nie; as die bruid gedurende haar troue huil, sal sy nooit weer huil nie en as `n kat aan jou linkerskoen kou, sal jy `n baie gelukkige huwelik hê.

5. Bygelowe begin deur mense wat stories hoor. Iemand hoor `n storie, hy las `n stertjie by en vertel dit dan weer vir sy kind en so begin `n bygeloof. Lord Carnarvon was die man wat die grafkelder van Farao oopgemaak het. `n Maand later is hy in `n hospitaal in Kaïro dood aan malaria. Toe begin die storie versprei dat hy dood is as gevolg van die vloek op die grafkelders: *Death comes on the wings to him who enters the tomb of the pharaoh.* Later is uitgevind dat hy lank voor die opening van die grafkelder malaria gekry het.

6. Hoekom het Vrydag die 13de so 'n ongelukkige dag geword?

Deur die eeue was mense bang vir dinge wat hulle nie kon sien of verduidelik nie. Onwaar stories het ontstaan wat deur baie mense geglo is en dit het later bygelowe geword. Een so 'n bygeloof of vrees, is die vrees vir Vrydag die 13de. Hierdie vrees het reeds eeue gelede begin met verskillende dinge wat ons met Vrydag en/of met die 13de assosieer.

7. Daar is mense wat glo Eva het vir Adam op 'n Vrydag met 'n appel verlei. Die groot reën wat die vloed in Noag se tyd veroorsaak het, het op 'n Vrydag begin. Die verwarring by die Toring van Babel was ook op 'n Vrydag en Jesus Christus het op 'n Vrydag aan die kruis gesterf. In die Bybel was Judas die 13de persoon wat aan die tafel gesit het tydens die laaste maal en hy was ook die persoon wat Jesus verraai het.

8. In antieke Rome het hekse in groepe van 12 bymekaar gekom. Wanneer daar 'n 13de persoon bygekom het, het hulle gedink die persoon is die duiwel.

9. Syferkundiges meen 12 is 'n perfekte/volmaakte getal. Daar is 12 maande in 'n jaar. Daar is 12 sterretekens. Daar is 12 gode in die Griekse mitologie. Daar is 12 nasies in Israel en 12 apostels het Jesus gevolg. Wanneer 1 by 12 getel word, word die 13de geassosieer met ongeluk. 13 word as 'n onvolmaakte getal gesien.

10. Interessante feite:
   A Meer as 80% van toringblokke wêreldwyd het nie 'n 13de vloer nie.
   B Baie lughawens het nie 'n 13de hek nie.
   C Vliegtuie het nie 'n 13de ry nie.

11. As jou naam uit 13 letters bestaan, moet jy ook versigtig wees. Die mans Jack the Ripper, Charles Manson, Jeffrey Dahmer en Albert De Salvo was gedurende die vorige eeu reeksmoordenaars in Amerika. Tel 'n bietjie hoeveel letters hulle name het!

1.1 Haal **VIER AGTEREENVOLGENDE** woorde aan wat sê dat dit die spreker nie pla om onder 'n leer te loop nie. (1)

1.2 Watter **WOORD** in paragraaf 1 sê vir ons dat nie alle mense aan bygelowe glo nie? (1)

1.3 **Die verteller se vriendin het <u>baie mooi</u> gevra dat hy moet omdraai.**

1.3.1 Motiveer hoekom die bogenoemde stelling WAAR is deur EEN WOORD aan te haal. (1)

1.4 **Die verteller se vriendin was baie hartseer dat hy nie wou omdraai na hy die swart kat gesien het nie.**
Stem jy saam met die stelling? Antwoord **JA** of **NEE** en haal 'n **GEDEELTE** van 'n sin aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.5 Waarom, dink jy, wou die skrywer se vriendin nie op Vrydag, die dertiende, gaan werk nie? (1)

1.6 Noem twee mense uit die leesstuk wat met sport te doen het. (2)

1.7 Verduidelik hoekom Joachim Loewe se bygeloof nie effektief was nie. (1)

1.8 Haal `n **WOORD** uit par. 4 aan wat dieselfde beteken as: ***`n Man wat trou***. (1)

1.9 **Volgens die artikel is dit 'n goeie ding as 'n bruid op haar troue huil.**

1.9.1 Verduidelik hoekom die bogenoemde stelling WAAR is. (1)

1.10 Verduidelik (in Afrikaans) in jou **EIE WOORDE** wat **`n bygeloof** is. (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter neer.
**"Hy las 'n stertjie by"** beteken:
- A hy het 'n klein stertjie.
- B hy verloor sy stertjie.
- C hy wil graag 'n stertjie hê.
- D hy sit 'n ekstra stukkie by die storie. (1)

1.12 Van watter dier word daar meer as een keer in die leesstuk gepraat? (1)

1.13 **Lord Carnarvon is dood aan die vloek nadat hy Farao se grafkelder oopgemaak het.**
Stem jy saam met die stelling? Antwoord **JA** of **NEE** en motiveer jou antwoord. (1)

1.14 Noem DRIE gevalle uit Die Bybel wat daartoe bygedra (contributed) het dat Vrydag die 13de as ongelukkig beskou word. (3)

1.15 Voltooi die sin deur die korrekte woord in te vul. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

In antieke Rome word die dertiende persoon as die ____________ beskou. (1)

1.16.1 Kies die korrekte antwoord om die volgende stelling te voltooi.
Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

Die getal _______ word as die volmaakte getal gesien.

A 10
B 13
C 22
D 12 (1)

1.16.2 Hoekom word jou keuse in 1.16.1 as die volmaakte getal gesien?
Gee TWEE redes (2)

1.17 Hoekom ( volgens paragraaf 11) moet jy versigtig wees as jou naam uit dertien letters bestaan? (1)

1.18.1 Hoe, dink jy, voel die verteller oor bygelowe? (1)

1.18.2 Hoe voel JY oor bygelowe? **(1)**

**[24]**

**TEKS B**

**ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Beeld*]

1.19 Met watter EEN woord nooi Potchefstroom die leser uit? (1)

1.20 Vir watter fees moet Potchefstroom reg wees? (1)

1.21 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat beteken dat alles deurmekaar is in Potchefstroom. (1)

1.22 Hoe weet ons dat die mense van Potchefstroom baie moeite gedoen het om ‘n goeie fees aan te bied? Gee TWEE opeenvolgende woorde. (1)

1.23 Hoekom is die woord Potchefstroom in donker geskryf? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Daar is ‘n prent met strooitjies, want …

A. jy moet jou koeldrank so drink.
B. jy moet baie koeldrank by die fees drink.
C. dit beklemtoon die woorde.
D. dit maak die advertensie vol

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**VRAAG 2:**

# BEGIN OP ‘n NUWE BLADSY.

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som **SEWE** wonderlike **feite** oor eiers op.
2. Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**SEWE WONDERLIKE FEITE OOR EIERS.**

‘n Manlike hoender word ‘n haan genoem en ‘n vroulike hoender staan as ‘n hen bekend. Eiers neem ‘n dag en ‘n half om binne in die hen te ontwikkel. ‘n Deursnee-hen lê tussen 300 en 325 eiers per jaar.

Dit is gesond om vrugte en groente eet. Jy kan wortels eet om beter te kan sien. ‘n Eier kan ook gesondheid bevorder.

Vars eiers kan sowat ‘n maand lank in die yskas gehou word. Op die winkelrakke word eiers van verskillende groottes te koop aangebied.

Eiers wat vrot is moet weggegooi word. ‘n Dowwe eierwit is ‘n teken van varsheid. Die dofheid is te danke aan die hoë koolstofdioksied-inhoud wanneer die eier gelê is.

‘n Vars eier bevat elf verskillende vitamine en minerale. Hierdie vitamiene en minerale is nodig vir ‘n gesonde dieet. Vitamine D versterk bene en tande.

‘n Vars eier gaan in water sink. ‘n Lepel asyn in die water wanneer jy ‘n eier poseer keer dat die wit versprei. Dit help ook dat die eier vinniger stol.

Die ras van die hen bepaal of die eier bruin of wit van kleur is. Dit word dus geneties bepaal. Eiers van verskillende groottes mag nie saam in dieselfde houer verpak word nie.

[Verwerk uit: netwerk24

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL EN TAALSTRUKTURE

**BEGIN OP 'N NUWE BLADSY.**

**VRAAG 3: SPOTPRENT**

**TEKS D**




**"Moenie bekommerd wees nie. Ek is nie bygelowig nie!"**

3.1 Kies die KORREKTE woord. Skryf die nommer en antwoord neer.
Mense wat in ander lande vakansie hou word (passasiers/toeriste) genoem. (1)

3.2 Kyk na die prentjie. Hoe weet ons dat die man al baie rondgereis het? (1)

3.3 Skryf in die INDIREKTE REDE.
Die man sê: “Ek is nie bygelowig nie.” (1)

3.4 Vul die korrekte VOORSETSEL in.
Die portier wys ..... die deur. (1)

3.5 Gee die MEERVOUD van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die woord neer.
Daar is twee (deur) in die prent. (1)

3.6 Watter twee plekke het die man, met die tas, al besoek? (2)

3.7 Haal **DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE** aan wat vir ons sê dat die man nie aan allerhande stories glo nie. (1)

3.8 Watter bewys is daar dat die man met die tas besig is om te praat? (1)

3.9 Skryf die getal **13** in woorde. (1)

**[10]**

## VRAAG 4 SPOTPRENT

## <u>BEGIN OP 'N NUWE BLADSY.</u>

Bestudeer die prent en voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Verbind die sinne met die VOEGWOORD in hakies.
Die man stap winkel toe. Dit is 'n lekker dag.
**(omdat)** (1)

4.2 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.
Die man soek die pad met sy kierie. (1)

4.3 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD gegee.
Die man geniet die dag. Hy glimlag bly.(daarom) (1)

4.4 Skryf die sin oor in die ONTKENNING.
Skrik vir die swart kat! (1)

4.5 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en die woord neer.
Die man **(wie/wat)** onderdeur die leer loop, is nie bang nie. (1)

4.6 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die man loop en fluit vrolik. (1)

4.7 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
Die kat het ‘n muis in die straat gevang. (1)

4.8 Beantwoord die vraag in die ONTKENNING.
Was die man al ooit bang vir swart katte?
**Begin so: Nee, ...** (1)

4.9 Gee die VERKLEINWOORDJIE vir die woord in hakies.
Die dorp mag ‘n klein (straatnommer) 13 hê. (1)

4.10 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.
Die mense loop ver van die leer af. (1)
[10]

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

**BEGIN OP 'N NUWE BLADSY.**

### 5.1 TEKS F

**Die Suider-Afrikaanse luislang**

Dit lyk soos 'n wese uit The Jungle Book. Die Suider-Afrikaanse luislang is verreweg die (5.1.1.) (groot) slang in Suid-Afrika.

(5.1.2) (...) word dikwels verwar met die Afrika-luislang.

(5.1.3) Hierdie wurgslang sal sy prooi met sy skerp tande byt.

(5.1.4) Wees versigtig! (5.1.5) 'n Luislang plaas druk op jou bors. Jou hart kan dan nie normaal klop nie.

Hier is 'n (5.1.6) (interessante/interresante/interesante) feit:

(5.1.7) Reptiele (teen 42°C) (oorverhit en sterf) (kan). Dus sny luislange dit fyn as hul liggaamshitte in die broeiseisoen tot 40°C opbou terwyl die 5.1.8 (mannetjie) na haar eiers omsien.

Die eiers broei ook eers na drie maande uit. Die jong (5.1.9) (slang) beweeg elke dag na die oppervlak. Hulle duik vinnig terug as hulle vir iets skrik. Hulle bly twee 5.1.10 (week) by hul ma voordat hulle (5.1.11) ( .... ) verskillende rigtings koers kies om die lewe te begin.

Alhoewel hulle beskerm word, is die (5.1.12) (baie) slange nie naby uitwissing nie. Hulle is dus nie 'n bedreigde spesie nie.

So, as jy Bosveld toe reis, moet jy gaan stap. En as daar 'n beweging in die bos is, weet maar daar is moontlik 'n slang in die 5.1.13 (groen) gras.

(Uit: Weg, September 2019)

5.1.1 Gee die KORREKTE OORTREFFENDE TRAP tussen hakies.

Die Suider-Afrikaanse luislang is verreweg die **(groot)** slang in Suid-Afrika. (1)

5.1.2 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.

**(...)** word dikwels verwar met die Afrika-luislang. (1)

5.1.3 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Hierdie wurgslang sal sy prooi met sy skerp tande byt. (1)

5.1.4 Hierdie wurgslang byt sy prooi met sy skerp tande.

Watter TIPE SIN is die onderstaande sin?

**Wees versigtig!** (1)

5.1.5 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

‘n Luislang plaas druk op jou bors. Jou hart kan dan nie normaal klop nie. **(en)** (1)

5.1.6 Kies die korrekte SPELWYSE tussen hakies.

Skryf slegs die nommer en die woord van jou keuse neer.
Hier is ‘n **(interessante / interresante / interesante)** feit. (1)

5.1.7 Skryf die volgende sin oor in die KORREKTE WOORDORDE.

Reptiele (teen 42°C) (oorverhit en sterf) (kan) (1)

5.1.8 Gee die teenoorgestelde GESLAG van die woord in hakies. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

Dus sny luislange dit fyn as hul liggaamshitte in die broeiseisoen tot 40°C opbou terwyl die **(mannetjie)** na haar eiers omsien. (1)

5.1.9 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies:

Die jong **(slang)** beweeg elke dag na die oppervlak (1)

5.1.10 Skryf die MEERVOUD van die woord tussen hakies neer.

Hulle bly twee **(week)** by hul ma. (1)

5.1.11 Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende VOORSETSEL in te vul.

Hulle bly twee weke by hul ma voordat hulle **( .... )** verskillende rigtings koers kies. (1)

5.1.12 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die vetgedrukte woord.

Alhoewel hulle beskerm word, is die **(baie)** slange nie naby uitwissing nie. (1)

5.1.13 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

En as daar 'n beweging in die bos is, weet maar daar is moontlik 'n slang in die **(groen)** gras. (1)

**5.2 TEKS G**



5.2.1 Kies die korrekte woord om die sin te voltooi en skryf dit neer:

**(Toe / Wanneer)** ek gaan stap het, het ek die slang gesien (1)

5.2.2 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD. Skryf die nommer en die word neer.

Ek wonder (wat/wie) se nuwe selfoon die slang vashou. (1)

5.2.3 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in om die sin te voltooi.

Alhoewel hulle gevaarlik is, moet ons **(…..)** slange in die natuur kyk om hulle te bewaar. (1)

5.2.4 Skryf die AFKORTING in hakies voluit.

Staan liefs 5 (m) van die boom af weg. (1)

5.2.5 Skryf in die INDIREKTE REDE.
Die slang sê: "Ek neem 'n foto van myself." (1)

5.2.6 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in en skryf dit neer.

Die slang het 'n selfoon. Die selfoon is _____. (1)

5.2.7 Vul die ontbrekende lees en skryftekens in en skryf die sin oor.

'n slang le onder die boom (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: 80**

